



## HUISWERKBELEID

### GRAAD 2

1. Geskrewe huiswerk word slegs vir vasleggingsdoeleindes gegee. Geen **nuwe** konsepte word vir huiswerk gegee nie.
2. Leerders moet vanaf Maandag tot Donderdag elke middag huiswerk doen. Geen huiswerk sal op Vrydae gegee word nie.
3. **Aanbeveling van opvoeders:** Ouers moet die leerders met huiswerk help. 'n Rustige studiearea word aanbeveel. Die leerders moet geleer word om georganiseerd en pligsgetrou aan hulle huiswerktake te werk.
4. Huiswerk in Graad 2 behoort afgehandel te word tussen 30 minute tot 1 uur, afhangende van die leerder se vermoë.
5. Dit is die leerder se eie verantwoordelikheid om huiswerk af te skryf.
6. Daar sal ongeveer 5 dae kennis gegee word vir mondelinge.
7. Huiswerkboeke **moet** op 'n daagliks basis deur die ouers geteken word. Wanneer huiswerk nie gedoen is nie, of wanneer die boeke by die skool vergeet is, moet ouers geskrewe redes gee waarom take, huiswerk nie gedoen is nie, of waarom boeke tuis vergeet is.
8. Huiswerkboeke sal nagegaan word deur die opvoeder, maar dit is die leerder se verantwoordelikheid om enige boodskappe van die ouer, deur te gee.
9. Konfidensiële korrespondensie tussen die opvoeder en die ouers, moet per e-pos of in 'n geseëlde koevert aan die betrokke opvoeder gestuur word. As daar 'n brief is, moet ouers dit asseblief in die huiswerkboek aandui.